REEKS: 7C's...

KLEINGROEP ONTMOETING 6

#6C = Community

A: KOFFIE

Elkeen kry 'n koppie koffie in die hand – deel met mekaar hoe julle dag/week was.

B: GEBED

Iemand wat bereid is, kan met 'n kort gebed open.

C: VIDEO-GREEP

Kyk saam na die volgende 2 min video *What is the Church?*
https://www.youtube.com/watch?app=desktop&v=rms6KePjIZ8

D: WANDEL IN DIE WOORD

Teks gedeelte: Handelinge 2:42-47

42 Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die ***onderlinge verbondenheid***, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.
43 Die apostels het baie wonders en tekens gedoen, en dit het almal met diep ontsag vervul. 44 Al die gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel. 45 Hulle het hulle grond en besittings verkoop en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte. 46 Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geëet, 47 en God geprys. Die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg.

Nog teksgedeeltes:
Hand 4:32-37; Mat 18:20; Efs 4:2-4; 1 Kor 12:12

E: GESELS SAAM

Maak beurte in die groep om oor 1 of meer van die volgende te gesels:

1. Hoekom kan jy nie op jou eie 'n gelowige wees nie?
2. Wat beteken gemeenskap van gelowiges?
3. Hoe verskil die gemeenskap van gelowiges van enige ander groep of organisasie waaraan jy kan behoort?
4. Wat kan ons leer by die eerste gemeente oor gemeenskap van gelowiges?
5. Watter geloofsgewoontes help ons om as gemeenskap van gelowiges te leef?

F: UITDAGING VIR DIE WEEK

Groep besluit self op 'n aktiwiteit om hierdie week se boodskap prakties uit te leef.

Voorbeelde: Die eerste gemeente was mededeelsaam. Wat kan julle groep prakties met ander deel (nie net geld of besittings nie – ook julle tyd, gawes en talente). Luister na die volgende lied ***Op Vaste Fondamente*** van Louis Britz. Maak dit jou temalied vir die week:
https://www.youtube.com/watch?v=2jPWB7cAC70&list=PL03j8ikrWZdSWA2uE2GlKWHBOQJqDNDPG&index=9

G: GEBED & SAAMKUIER

Vra vir spesifieke gebedsversoeke. Gee geleentheid vir gebed.
Kuier nog bietjie saam ☺

REEKS: 7C's...

KLEINGROEP ONTMOETING 6
#6C = Community GESPREKSRIGLYNE
(Ds Cor Swart)

ONTHOU…

Die volgende riglyne kan help om moeilike vrae in die gesprek te hanteer asook om saam te groei in ons geloof en verstaan van God:

Die kerk is nie 'n gebou nie. Die kerk is ook nie net 'n groep mense wat bymekaarkom vir hulleself nie. Die kerk is 'n **gemeenskap** van gelowiges wat fokus op God, medegelowiges (mekaar) en die wêreld (ander - Hand 1:8). Dit beteken dat hierdie gemeenskap se identiteit in Christus gevind en deur Hom bepaal word, soos Petrus mooi verduidelik op Pinksterdag: *"God het hierdie Jesus, wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak!"* (Hand 2:36)

Hierdie gemeenskap is nie soos enige ander gemeenskap nie:

- Is nie selfsugtig nie
- Soek nie eie belang nie
- Fokus nie op eie rykdom en besittings nie
- Hou nie alles vir jouself nie
- Wil nie die belangrikste wees of net met belangrike mense assosieer nie
- Wil nie net sy eie kop volg of altyd reg wees nie

Wat hierde gemeenskap eerder doen:

- Lewe volgens Jesus se voorbeeld
- Fokus op mekaar en ander
- Is mededeelsaam
- Getuig (oor God, Jesus as Here en Christus, en die krag van die Heilige Gees)
- Sorg vir mekaar (ook die armes)
- Is eensgesind
- Is tevrede met wat hulle het

Hierdie C (community) kon ook **Church** (kerk) gewees het. Met kerk bedoel ons die **"gemeenskap van gelowiges"**. Die Griekse woord "koinonia" beteken "gemeenskap" – 'n onderlinge band (verbondenheid) van liefde wat tussen gelowiges bestaan.

Wat opmerklik is, is dat die eerste gemeente se **geloofsgewoontes** hulle help om onderling verbonde (as gemeenskap van gelowiges) te kan optree:

1. Onderhou die leer van die apostels (lees Bybel)
2. Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom (gaan kerk toe)
3. Van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou (kleingroepe of belangegroepe)
4. Hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geëet (dankbaar geleef)
5. God geprys (lofprysing)
6. Saam gebid (aanbidding en stil word)

Die Gees het kragdadig in die eerste gemeente gewerk! Die gevolg van hierdie **gemeenskap van gelowiges** is dat die Here elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg het.

Loof die Here dat ons deel is van 'n gemeenskap van gelowiges wat fokus op Christus, mekaar en die wêreld.